

Pinksterdiens 27 Mei 2012

Hou moed, jy gaan alles erf!

Inleiding:

Jesus se opstanding het die verslae dissipels tot orde geroep. Dit was 'n tyd van verligting. Alles is nie verby soos dit vir hulle gelyk het nie. Jesus leef! Hy het die dood oorwin en daaruit opgestaan.

Dit het skielik **nuwe opwinding en afwagting** gebring.

Wat dink julle gaan nou gebeur?

Gaan Jesus die koninkryk van Israel nou herstel?

Kyk **as die dood hom nie eers kon vashou nie**, dan is daar mos nou niks wat hom gaan keer nie...

Handelinge 1 vind ons Jesus saam met sy dissipels aan tafel. Hy dui vir hulle koers **aan**:

Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van my gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word (Hand 1:4c-5)

Asof hulle hom nie verstaan het nie vra hulle hom 'n paar dae later:

Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk van Israel weer gaan oprig?

M.a.w: *Here, Gaan die dinge nou gebeur, gaan u nou die romeinse owerheid omverwerp?*

Dan **antwoord Jesus:**

Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (Hand 1:8)

Wat sê Jesus?

Julle vra my of ek die koninkryk gaan oprig? Julle maak 'n fout. Julle kyk na my...! Dit is nie ek nie maar julle wat die werk gaan doen.

Julle gaan krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle gaan my getuies wees...

Die dag met die Pinksterfees het Jesus se woorde in vervulling gegaan. Kom ons lees die beskrywing van die gebeure; Handl 2:1-13(a)

Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets

soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om anders sy leiding te doen.

Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië,, Judea, Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het"

Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?" Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk"

Petrus het onder leiding van die Heilige Gees opgestaan en verduidelik aan die verdwaasde skare wat het sopas in hulle midde plaasgevind.

Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar 9 uur in die more. Hier het gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:

So sal dit in die laaste dae wees sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.

Ja op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree....

Soos sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Hand 2:15-21)

Wat het gebeur?

Die God het sy Heilige Gees oor elke gelowige uitgestort

God het deur sy Gees in elke gelowige in trek geneem.

Jy is die adres van God, die Heilige Gees...

Daarom, jy, wat glo in Jesus Christus

- Het die Gees van God in jou
- Jy kan nie glo sonder die Gees van God nie. Die is juis die Gees wat die geloof in jou werk.

Wat doen die Gees van God in jou?

- Praat met jou op verskeie maniere.
 - Natuur / Bybel
 - Deur mense...
- Leer jou
 - verskil tussen goed en kwaad, liefde en haat
 - Jesus Christus is jou Verlosser en Saligmaker
 - Jy het die ewige lewe. Jy gaan dit nie eendag eers beërwe nie.
 - Jy is kerk. Die liggaam van Christus – uit alle volke nasies en tale
 - .
- Lei jou
 - Wys jou die pad van geloof in Jesus Christus (Johannes 10)
 - Daar is nie 'n ander pad van saligwording nie
 -
- Herskep jou
 - Laat 'n wedergeboorte in jou plaasvind. Die ou mens moet afsterf en 'n nuwe mens in jou opstaan (Johannes 3).
 -
- Stuur jou
 - Gaan maak dissipels (Mat 28) (na alle volke nasies en tale)
 - Nooi mense saam op God se pad (uit alle volke nasies en tale)
 - Bedien hulle met die liefde van Christus (Johannes 13) (“)

Ons vier Pinksterfees, fees van die Heilige Gees..

Dit is 'n herinterpretasie van die oesfees, wat oorspronklik 'n dankseggingsfees van die oes was. Die vrugte van die oes het ingekom en daar is fees gevier.

Pinksterfees, die vrugte van die Heilige Gees kom in...

Ons vier fees... In Jesus Christus is ons oorwinnaars. Ons smaak reeds verlossing

Die Heilige Gees bring hoop vir die toekoms.

Die **Gees laat ons glo – daar is 'n toekoms**: 'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde; (Probeer jou dit voorstel)

* waar die sonde nie meer 'n invloed gaan hê nie.

* Waar daar die meer haat, gemeenheid, misdaad, onmin, agterbaksheid gaan wees nie.

* Daar gaan nie meer 'n geswoeg en 'n gespartel wees om kop bo water te hou en te oorleef nie. Hartseer, pyn, droefheid en trane sal nie meer bestaan nie.

* Daar gaan nie meer onderskeid wees op grond van ryk en arm, velkleur of die taal wat jy praat nie

- * Daar gaan nie meer misbruik van die aarde wees nie
- * Daar gaan vrede wees. Vrede met God en vrede met mekaar

Sjoe! ek sien uit daarna

Maar **kan dit wees?** Die realiteit om jou lyk so anders... Daar is soveel swaarkry en beproewing, soveel hartsteer en ongeluk, soveel misdaad en haat... Dit is om van negatief te word...

Dit is waar..., die dinge gebeur tans, maar dit moet jou nie laat moed verloor nie, want Romeine 8:22-27 (NLV) lees

²² Ons weet immers dat die ganse skepping nog steeds aan die **kreun** is soos iemand met geboortepyne. ²³ Wat meer is, ons wat die Gees as voorsmaak en waarborg van ons toekomstige heerlijkheid ontvang het, **kreun ook** in ons binneste in ons smagting om van pyn en lyding verlos te word. ²⁴ Noudat ons verlos is, sien ons uit na ons toekomstige heerlijkheid. Want as jy iets reeds het, hoef jy nie meer daarna uit te sien nie. ²⁵ Maar as jy dit nog nie het nie, sien jy gretig en volhardend daarna uit.

²⁶ Die **Gees van God help ons** ook nog boonop **in ons onbeholpenheid**.

Ons weet immers nie mooi wat en hoe ons moet bid nie. Maar die Gees self neem ons gebedsbehoefte voor God op met versugtinge wat nie in menslike taal verwoord kan word nie. ²⁷ Dié God wat die dieptes van elke hart deurgrond, weet wat die Gees in die oog het – dat Hy in harmonie met God se wil vir die gelowiges intree.

Jy is reg. Die **sonde het 'n geweldige negatiewe en vernietigende gevolg**. Daarom hierdie sug gedeelte in die Bybel. **Daar is 3 wat sug**

1. Die skepping sug... Kyk hoe lyk die skepping as gevolg van die sonde. Die mens verwoes en vernietig, eksploiteer sonder respek en verantwoording. Asof die seer, versmoring, verdroging genoeg is nie, is die skepping getuie van al die misdaad en onreg wat plaasvind. Drink die bloed van elke moord wat plaasvind. Die skepping sug... Hoe lank nog Here, hoelank nog voordat daar 'n herskepping met die wederkoms gaan plaasvind...?
2. Die mens sug... Daar is soveel teleurstelling, verlange, seer, pyn, mislukking, misdaad haat, onreg na aanleiding van die sonde. Dit is baie duidelik dat die mens se gesug nie teenoor die van die wêreld staan nie. Dit is eintlik maar die selfde sug. Dalk is die mens se sug meer intens. Want jy gelowige, het al iets geproe van die herskepping. In Jesus Christus is jy reeds 'n nuwe mens! Jy het reeds die Heilige Gees. Hy is die deposito. Hy is die bewys dat jy ook die res van die belofte van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gaan ontvang.

(Mag ek hier byvoeg – die kerk sug..? Daar is soveel onderlinge verskille waaroor gelowiges met mekaar veg. Kerke wat so veg en stry met mekaar dat daar nie tyd of energie is om in die koningryk te stry nie, om die maak

dissipel opdrag uit te voer nie. Wat 'n tragiese situasie..!

3. Die Heilige Gees sug... Dit lyk met alle respek gesê: Die Gees sug
 - a. Omdat die skepping nog nie weet waarvoor om te sug
 - b. Dat ons as mens nie genoeg sug na verlossing
 - c. Dat ons as mens nie verstaan wat ons mis nie. Want as ons verstaan het wat ons mis, sou ons baie meer uitgesien het na die wederkoms

Wat 'n troos... die Gees staan ons in ons sug by. Hy bid vir ons. Hy bring ons versugtinge voor God. Daar waar..., ons nie weet wat en hoe om hierdie versugting voor God te bring nie.

God wat weet wat die bedoeling van die Gees is. Hy hoor jou sugte via die Gees. Hoe ons uitsien na die volle verlossing wat met die wederkoms gaan aanbreek...

So kom die **Heilige Gees ons tekortkominge te hulp**

Dit maak my opgewonde dat ons vandag verskillende tale, verskillende volke saam in 1 erediens is. Want saam vorm ons die liggaam van Christus. So gaan dit eendag in die nuwe hemel en aarde wees.

Dit is wonderlik, **bevrydend om verskeidenheid in die gemeente te kan vier.** Dit is lekker om te sien hoe elkeen sy voorkeur idioom erediens geniet. Kom ons ontwikkel ook 'n oog, dat die wat in ander idioom of taal aanbid nie verkeerd is of beveg moet word nie. Saam is ons broeders en susters in die liggaam van Christus.

Kom ons aanvaar mekaar. Ons is almal saam een gemeente. Iets van die reeds en die nog nie...

Slot

Wat meer wil jy weet om fees te vier. Die vrugte van die Gees kom in.

Moenie dat die sugte en swaarkry van die huidige jou laat moed verloor nie. Nee, skep moed. Word opgewonde.

Leef saam met jou medegelowige.

Volg Jesus se voorbeeld.

Leef liefde.

Jy is daartoe instaat. God is deur sy Gees in jou.

AMEN